

Dinsdag 17 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 2:7-12

Fokusgedeelte: Matteus 2:7-12

Die langverwagte Koning het gekom – verwondering en bedreiging

Wanneer 'n hond sy eenaar na 'n tyd van afwesigheid weer sien, waai sy stert en lek die hond sy eenaar se hand. Dit teken onderwerping, afhanklikheid en blydschap. Twee keer spreek hierdie gedeelte van "hulde". Herodes wil weet waar hy hierdie Koningskind wat gebore is, kan vind. Want hy wil gaan om hulde te betoon.

Dit is egter die sterrekykers wat Hom vind. Nie deur hulle wetenskaplike navorsing nie, maar omdat God hulle op die pad bring na die Herder-Koning. Wat hulle vind, is groots. Veel groter as hulle wetenskap. Ruimtewetenskap bring groot resultate. God se genadewetenskap bring die sterrekykers by 'n veel groter resultaat, by die Herder-Koning. Al die jare was God vir hulle afwesig. Nou kom hulle by Hom uit.

Daar is blydschap. Hulle onderwerp hulle aan Hom. Hulle bring hulde. Herodes se tong verberg sy sluwe, skerp tande. Hy is ontsteld. Hy wil verskeur. Agter die front van hulde betoon, slyp hy tande om die Herder-Koning dood te maak. Want hy wil sy posisie, sy lewe behou. Hierop kom die Herder-Koning met die antwoord: Wie sy lewe om my ontwil verloor, sal dit behou. Kom na Hom in afhanklikheid. Onderwerp jou aan Hom. Wees bly in Hom, want Hy is jou lewe.

Sing: Psalm 23-1: 1, 3

Ds. CA Jansen (Carel) (Secunda)